

*Steek ertens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema:** Oor nederigheid en gasvryheid, wat het dit met die liewe Here Jesus te doen?

**Skriflesing:** Lukas 14:7-14

### Broodjies vir die pad

“People who’ve had any genuine spiritual experience always know that they don’t know. They are utterly humbled before mystery. They are in awe before the abyss of it all, in wonder at eternity and depth, and a Love, which is incomprehensible to the mind.”

— Richard Rohr

“We are foolish as teenagers. We say wrong things, do not know how to be modest, or less shy. We judge easily. But the only hope given us, although only in retrospect, is that we change. We learn, we evolve. What I am now was formed by whatever happened to me then, not by what I have achieved, but by how I got here. But who did I hurt to get here? Who guided me to something better? Or accepted the few small things I was competent at? Who taught me to laugh as I lied? And who was it made me hesitate about what I had come to believe”

— Michael Ondaatje, Warlight

“Humility has nothing to do with depreciating ourselves and our gifts in ways we know to be untrue. Even “humble” attitudes can be masks of pride. Humility is that freedom from our self which enables us to be in positions in which we have neither recognition nor importance, neither power nor visibility, and even experience deprivation, and yet have joy and delight. It is the freedom of knowing that we are not in the center of the universe, not even in the center of our own private universe.”

— David F. Wells, Losing Our Virtue

“Lord, if I thought you were listening, I'd pray for this above all: that any church set up in your name should remain poor, and powerless, and modest. That it should wield no authority except that of love. That it should never cast anyone out. That it should own no property and make no laws. That it should not condemn, but only forgive.”

— Philip Pullman, The Good Man Jesus and the Scoundrel Christ

As a passionate believer in the democracy of reading, I don't think it's the task of the author of a book to tell the reader what it means.

The meaning of a story emerges in the meeting between the

words on the page and the thoughts in the reader's mind. So when people ask me what I meant by this story, or what was the message I was trying to convey in that one, I have to explain that I'm not going to explain.

Anyway, I'm not in the message business; I'm in the "Once upon a time" business.

— Philip Pullman

“Every intellectual has a very special responsibility. He has the privilege and the opportunity of studying. In return, he owes it to his fellow men (or 'to society') to represent the results of his study as simply, clearly and modestly as he can. The worst thing that intellectuals can do – the cardinal sin – is to try to set themselves up as great prophets vis-à-vis their fellow men and to impress them with puzzling philosophies. Anyone who cannot speak simply and clearly should say nothing and continue to work until he can do so.”

— Karl Popper

“What you do in the present—by painting, preaching, singing, sewing, praying, teaching, building hospitals, digging wells, campaigning for justice, writing poems, caring for the needy, loving your neighbor as yourself—will last into God’s future. These activities are not simply ways of making the present life a little less beastly, a little more bearable, until the day when we leave it behind altogether. They are part of what we may call building for God’s kingdom.”

— N.T. Wright, Surprised by Hope: Rethinking Heaven, the Resurrection, and the Mission of the Church

“In my own life, as winters turn into spring, I find it not only hard to cope with mud but also hard to credit the small harbingers of larger life to come, hard to hope until the outcome is secure. Spring teaches me to look more carefully for the green stems of possibility; for the intuitive hunch that may turn into a larger insight, for the glance or touch that may thaw a frozen relationship, for the stranger's act of kindness that makes the world seem hospitable again.”

— Parker J. Palmer, Let Your Life Speak: Listening for the Voice of Vocation

“To listen is very hard, because it asks of us so much interior stability that we no longer need to prove ourselves by speeches, arguments, statements, or declarations. True listeners no longer have an inner need to make their presence known. They are free to receive, to welcome, to accept.

Listening is much more than allowing another to talk while waiting for a chance to respond. Listening is paying full attention to others and welcoming them into our very beings. The beauty of listening is that, those who are listened to start feeling accepted, start taking their words more seriously and discovering their own true selves.

Listening is a form of spiritual hospitality by which you invite strangers to become friends, to get to know their inner selves more fully, and even to dare to be silent with you.”  
— Henri J.M. Nouwen, *Bread for the Journey: A Daybook of Wisdom and Faith*

## Dinge hier sal wel weer beter gaan, of hoe?

*Martie Retief-Meiring*

Só troos of bemoedig ons mekaar: dinge gáán anders wees.

Tussentyd, noem Etienne van Heerden hierdie fase. Die vreemde leef van dag tot dag terwyl ’n ganse wêreld sienderoë verander.

Kon, of het, Covid-19 regtig die bekende lewe se gang stopgesit? Het die vierde nywerheidsrevolusie ons te gou, te onverhoeds betrap? Reguleer algoritmes ons denke, ons doene?

Binne tien jaar sien ons ysberge wegsmelt en ’n hittegolf maak die Ryn-rivier so vlak dat dit nie meer begaanbaar is vir gewone skeepvaart nie. Hoe diep tref ’n wêreldressie? Hoe gaan die oorlog tussen Rusland en Oekraïne uitspeel?

Moet ek, of dalk nie: huiskoop, emigreer, die gordyne verwissel, die kar verkoop, ’n nuwe werk soek. Gaan my dogter of seun toegang tot mediese studie kry?

Kan dit waar wees dat meliemeel só duur geword het?

En tog. Daar is veranderinge.

Opgelet dat mense meer fietsry? Al gesien watter benodighede fietsryers deesdae als nodig het? Het ons geweet dat fietsryers ook gimnasiums besoek, handevol gesondheidsprodukte sluk? Dat groot geld in die fietsbedryf lê?

Lyk dit regtig of mense meer stap? Het jy, lieve leser, nóg nie by ’n stapgroep aangesluit nie? Roer jou, want ondanks alle slegte nuus moet die liggaam darem nog in stand gehou word.

Is die ontploffing in koffiestalletjies ’n teken van angs of bloot net mense se versugting om by vreemdelinge te kan sit om ’n trosie te soek?

Sit ons nou almal maar in die wagkamer en wag op daardie trein na ’n ander plek toe? En, is daar ’n ander plek? Is ons soos die karakters in Samuel Beckett se opspraakwekkende *Waiting for Godot* waar twee mense wag op iets wat nie gaan gebeur nie?

Was die opwindende Weimar-beweging nie ook maar ’n tussentyd nie? Net ná die Eerste Wêreldoorlog het ’n gees van uitspatigheid, wonderlike kuns en idees in ’n tyd van erge inflasie opgevlam – om net weer in 1933 deur Hitler uitgedoof te word.

In Engeland het ná die Tweede Wêreldoorlog in ’n taai finansiële klimaat ’n nuwe, uitdagende jonger gees opgevlam in musiek, modes en denke.

En by ons? Hoe sal die afgelope 30 jaar haarself beskryf, die opwindende sprong na demokrasie, om net weer die ontnugtering van korrupsie en armoede te beleef?

’n Verloopte Suid-Afrikaanse gesin wat onlangs uit Brittanje kom kuier het, het amper uit hul nate die berge, die see, ons kos geniet. Toe hulle ’n protesoptog oor TV sien, kon hulle glad nie die erns daarvan insien nie. “Die protesteersers het dan gelyk of hulle ’n jol het.” Met geen treindiens het hulle ’n motor gehuur en “die petroljoggies is die beste gesig van Suid-Afrika”.

Maar, uiteindelik, is hulle terug Brittanje toe, want die misdaad hier is te erg om weer “huis toe” te kom.

Nee, skerm ons, dinge sal nog regkom hier.

Ons weet net nie wanneer nie.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/martie-retief-meiring-dinge-hier-sal-wel-weer-beter-gaan-of-hoe-20220818>

## Brood vir die pad

### Onsigbare. fyn bande skep ’n familienetwerk

*Wilhelm Jordaan*

Min dinge bevestig die krag van familieskap soos die aankoms van ’n eerste kleinkind – wanneer die oupa en die ouma, veral die ouma, dié klein mense vir die eerste keer in ’n wolkombersie vashou. Die trots is daar vir almal om te sien.

Dán moet familie en vriende gereed wees om tydig (en miskien ook ontydig!) onderwerp te word aan ’n “kunsgalery” van foto’tjies op WhatsApp, klankopnames van die eerste gorrelgeluidjies en spoegerige klankgrepijies wat vir oupa kompleet na ’n woord soos “oupa” of sy naam klink. Slim kind!

En die ouma wat opnuut “moederskap” voel soos dit vir haar was toe sy háár kinders verwag het; toe sy reeds geweet het van die “stil geheim van (hul) verborge groei” soos Elisabeth Eybers dit sê. In die woorde van Maureen Hawkins: “Before you were conceived / I wanted you / Before you were born / I loved you / Before you were here an hour / I would have died for you / This is the miracle of life.”

Beskou dit alles met sagte oë en jy weet opeens dié klein mense – soos dit veronderstel is om te wees vir elke nuwe baba – kom na die wêreld om deel te word van die verweefdheid van ouers en kinders, en kleinkinders en grootouers. En dat die wêreld terselfdertyd na hom of haar kom as ’n kosbare geskenk wat met afwagting, bietjie vir bietjie, oopgemaak gaan word.

Wat só gebeur van geslag tot geslag bevestig die mistiek van familie as jou beginplek, jou vroegste plekbewussyn – ’n geborgenheid waarvandaan jy uitgaan na ander plekke, die wêreld in. En waarheen jy weer en weer wil terugkeer. Om opnuut te weet: Dié plek is onverwoesbaar myne.

Só word familie die mitiese vuurherd van warmte en nabyheid waar die groot menslike storie van liefde, sorg, agting, wysheid en respek al eeue lank oor en oor vertel en gelééf word – die plek waar jou mensheid vorm kry by “die boom van sagte koelte en vuurherd teen elke koue nag”, soos die digter Jan de Bruyn skryf.

Maar die “vuurherd” se aanrakende warmte en durende nagloed is nie vanselfsprekend nie. Weet van mekaar is die spilpunt van hegte familieskap. Dit gebeur deur navrae, foonoprope, briewe, kaartjies, e-pos, SMS’e en whatsapp, onverwagte kuiertjies én reünies – deur alles wat opregte betrokkenheid by mekaar bevestig.

Só gesien, behoort familieskap tot die misterie van ’n haas onsêbare verbondenheid wat gedra word deur versorgende liefde en wat familieledede toerus om die lewe buite die familie met waagmoed aan te durf. En om later nuwe familieverbintenisse te vorm met die saamgevoegde, versamelde krag van ander families. Vanuit dié verbondenheid kan almal wat hulself familie noem, met verwondering deelneem aan die ontdekking en feesviering van familieskap.

Wanneer familie so aan mekaar verbind is, gebeur daar iets besonders in die kosmos, wil ’n mens glo: ’n Geringe siddering van energie wat alle herinneringe bymekaarbring en in stand hou.

\* *Jordaan is ’n emeritus professor in sielkunde.*

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/wilhelm-jordaan-onsigbare-fyn-bande-skep-n-familienetwerk-20220824>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877